MY BESTE BESTE IS NET NIE GOED GENOEG NIE

EN DIT MAAK NIE EERS SAAK NIE!

Ek kan nie eers met my beste beste voor God staan nie.
Ek kan nie. My beste beste voorbereiding vir God, my beste preek wat ek kon maak, met my beste beste kan ek nie voor God staan nie, wat nog te sê van my sonde.

By jou matriekskeid kan jy jou beste beste aantrek
en jou beste beste kar gery
en later jou beste beste verwerf
en jou beste beste monumente opgerig op alle gebiede

kan ek met my beste voor God gaan staan?
ek kan nie
en wat van my slegste slegste.

MAAR
ons het die groot boodskap van die God van genade
van die God wat ons ontmoet
as ons met ons slegste slegste voor Hom staan

ons daag publiek op met ons beste beste
ons het geen vrymoedigheid/selfvertrou met swak voorkoms nie

en dit noem mens genade.
Genade XARIS
God vat jou soos jy is
Dit sê meer oor God
as wat dit oor jou sê,

God sal jou vat, op jou slegste sal Hy jou vat
as jy op jou verste
slegste
hooplooste is
sal God jou vat

Hy sal jou kan vat in die donkerste
en ook op die volle spektrum van lig
selfs as jy in die "glammer" is
silwer, goud, platinum skoonheid, aantreklikheid

Romeine 5: 8
"Maar God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."

Dis God se spes veld, sondaars,

Efesiërs 1 sê God het ons buitengewoon leif
Efesërs 2 sê "**Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur Sy groot liefde het Hy obns wat dood was agv ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered...God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewente wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.**" :10 amen.